Downloaded from Stanmorephysics.com

KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

MAART TOETS

EKSAMINATRISE: A. RAMNATH GRAAD:11

MODERATRISE : S. SUKHNANAN PUNTE: 40

TYDSDUUR: 1 UUR DATUM:16/03/18

NAAM:_______________________________ GRAAD:________

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT __5__ BLADSYE.


INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE Afdelings:
   - Afdeling A: BEGRIPS (10 punte)
   - Afdeling B: OPSOMMING (10 punte)
   - Afdeling C: TAAL (20 punte)
2. Bestee ongeveer 20 minute aan elke Afdeling.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Voorletters van jou onderwyser/es moet bo-aan geskryf word-**PS, SSu, ARa,PR,SRP,SRe**

Blaai om Bl 2 ... Afdeling A

## AFDELING A - BEGRIPS

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae




Die puntetelling uit 90 is volgens die SA Indeks van Kliënte-tevredenheid.

[Verwerk uit Grafika24]

1.1. Noem die twee gewildste kitskos in SA? (2)

1.2. Watter soort vleis sal jy by hierdie kitskos kry? (1)

1.3. Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
Volgens hierdie teks het McDonald's 'n (hoër/laer) puntetelling as FishAways. (1)

1.4. Hoekom, dink jy, is daar vlammetjies in die Steers se logo? (2)

1.5. Hoeveel punte het Debonair's volgens hierdie teks gekry? (1)

1.6. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

Die doel van hierdie visuele teks is om te wys....

A. hoeveel mense in SA van kitskos hou

B. van watter kitskos mense in SA die meeste hou

C. watter kitskosplekke 'n mens in SA kry

D. dat mense in SA baie van kitskos hou (1)

1.7. Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

Jy kan net bees burgers by FishAways koop. (1)

1.8. Waarom, dink jy, is hierdie visuele teks makliker om te verstaan as 'n geskrewe teks? Gee EEN rede. (1)

[10]

## AFDELING B-OPSOMMING

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE hoofgedagtes **waarom tegnologie goed vir tieners is**, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die hoofgedagtes puntegewys neer.
3. Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**REDES WAAROM TEGNOLOGIE GOED VIR TIENERS IS**

Ouers en onderwysers is dikwels bekommerd oor die negatiewe invloed van tegnologie op tieners, maar tegnologie kan ook goed wees. Die internet bevat baie webwerwe en nie alle webwerwe is sleg nie. Daar is dikwels nuttige inligting wat tieners kan gebruik vir tuiswerktake. Die tyd toe leerders biblioteek toe moes gaan vir inligting, is mos lankal verby. Sosiale netwerke help tieners om maklik, vinnig en goedkoop met mekaar kontak te maak. Baie mense kritiseer tieners dat hulle nie meer lees nie. Die idee dat tieners net boeke moet lees, is outyds. As tieners blogs en aanlyn besprekings lees, help dit met hulle lees- en skryfvaardighede. Op Netwerk24 kan hulle byvoorbeeld al die koerante kry. Omdat dit so gerieflik is om inligting vinnig op die internet te kry, help tegnologie om tieners se algemene kennis te verbeter. Dit is waar dat tieners makliker iets sal lees waaroor hulle nuuskierig is. Tieners verbreed so hulle kennis sonder dat hulle dit agterkom. In musiek, flieks en sosiale media is daar mense en idees van ander kulture dwarsoor die wêreld. In Suid-Afrika is dit juis so nodig dat die verskillende groepe mekaar se kulture sal leer ken. Hier help tegnologie dus om tieners se leefwêreld groter te maak. Met die moderne tegnologie kan leerders hul kreatiwiteit ontwikkel deur hul eie video's en selfs films te maak. Navorsers het bevind dat tieners wat gereeld videospeletjies speel, se reaksietye vinniger word. Ouers kan dus maar ontspan, want tegnologie het beslis positiewe aspekte!


[Verwerk uit www.forbes.com]

[10]

Blaai om Bl 4 .... Afdeling C

## AFDELING C- TAAL

VRAAG 3-Bestudeer die prentjie hieronder en volg die instruksies uit:



3.1. Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD**
Die kinders berei aandete in die kombuis voor. (1)

3.2. Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD**
Jeanie is besig om die tafel te dek. (1)

3.3. Verbind die twee sinne met die gegewe **VOEGWOORD**
Niemand het die pot dopgehou nie. Dit het oorgekook. (dus) (1)

3.4. Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM**
Michael sal die broodbord na die tafel dra. (1)

3.5. Skryf die sin in die **ONTKENNENDE VORM**
Pa wil nog koeldrank hê. (1)

3.6.Rangskik die volgende sin in die korrekte **WOORDORDE**
Die seun (in die môre/die blompot/het/gebreek/per ongeluk) (1)

3.7. **STEL DIE VRAAG** waarop die onderstreepte gedeelte die antwoord is.
Die kinders lyk baie bekommerd. (1)

Blaai om Bl 5 .... 3.8. Skryf

3.8. Skryf die volgende sin in die **INFINITIEF** maar begin soos aangedui.
Die meisie moet die borde op die tafel sit.
**Begin so: Die meisie behoort.....** (1)

3.9. Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE**
Die meisie vra:"Tom, is dit jou skoen ?" (2)
**Begin so:Die meisie vra vir Tom...**

3.10. Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies.
Die meisie is (gelukkig). (1)

3.11. Voltooi met die korrekte **VOORSETSEL** in te vul.
Almal sit _____ tafel wanneer die ete gereed is. (1)

3.12. Gee die **VERKLEINSVORM** van die woord in hakies.
Die (hond) volg die kinders kombuis toe. (1)

3.13. Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies.
Sy sit die (tafelmat) op die tafel. (1)

3.14. Skryf die korrekte **SAMESTELLING** van die woord tussen hakies.
Ma sit die (tafel +doek) in die kombuis. (1)

3.15. Skryf die korrekte **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen hakies.
Ma kook die (heerlik) kos ooit. (1)

3.16. Vul die ontbrekende **VOORNAAMWOORD** in.
Die kinders het _______ kos klaar geeet. (1)

3.17.Gee die **SINONIEM** van die woord tussen hakies
Die gesin (gesels) met mekaar in die kombuis. (1)

3.18. Kies die **KORREKTE WOORD** tussen hakies
Almal eet aandete om (ses uur/sesuur/ses-uur) vanaand. (1)

3.19.Kies die **KORREKTE WOORD** tussen hakies
Ma het Boetie vir sy (hulp/help) bedank. (1)

[20 PUNTE]